

OMGEE GROEPE GEBED –WEEK 13 GEBED JOERNAAL – EMOSIONELE GENESING.

Inleiding:

Ons gesels oor die opstel en instandhouding van 'n gebed joernaal. **Ons het nou vasgehaak by gebed vir siekte en siek mense en dit lyk asof ons nog 'n geruime tyd aan hierdie krities belangrike onderwerp gaan spandeer. Ons praat steeds oor emosionele genesing, die genesing van die siel.**

Tot dusvêr – die pad na emosionele genesing.

- Stap 1: Wedergeboorte – geestelike gesondheid is ons eerste prioriteit. Met ons weergeboorte word ons geestelik genees, en ontvang ons die gawe en invloed van die Heilige Gees. (Hand. 2:38)
- **Stap 2: Gees vervulling – ons is steeds hiermee besig**
- Stap 3: Hernuwing (renewal) van ons gedagtes. (Romeine 12.1-2) Ons moet nog hieroor gesels.

Die pad na gees vervulling - 3 stappe in die proses van gees vervulling.

1. 'n Eenmalige oorgawe, ek gee my lewe as lewende offer vir die Here se gebruik, algeheel, vrywillig en onvoorwaardelik – ons het dit reeds bespreek, onthou die voorbeeld van die stigter van die Salvation army : *“God will have all of William Booth, I keep nothing back”*
2. Regmaak van ons verlede – alles wat die Heilige Gees bedroef word hanteer en uit die weg geruim. **Ons gesels nog hierdie week hieroor.**
3. Toekoms gerig – ek stel myself toenemend bloot aan die invloed / werking van die Heilige Gees in my. *Ons sal nog hieroor gesels.*

Hierdie week: - Stap 2 – Ek deel met alles wat die Gees bedroef, of in die verlede bedroef het.

Efesiërs 4:30” ***En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossings dag.***”

Ek bedroef die Heilige Gees op een van 4 maniere.

1. Deur sonde toe te laat – *reeds bespreek*
2. Deur die duiwel (satan) grond of vashou plek in my lewe te gun – *reeds bespreek*
3. Deur my eie wil (self) bokant die wil van God te stel. – *bespreek vorige keer*
4. Deur leuens (stories) te aanvaar as die waarheid, en sodoende mislei te word. *Hierdie week.*

<u>Die vierde rede waarom die Gees bedroef word – leuens (stories)</u>

Jy sal onthou dat ons reeds oor die effek van die leun gesels het, toe ons vir mekaar gesê het dat die glo van 'n leun “grond” gee vir die duiwel se werking in ons gedagte-wêreld. En dit is waar – die glo van 'n leun bedroef die gees omdat dit ruimte, of te wel “grond” gee vir die duiwel. Anders gestel – die glo van 'n leun gee die duiwel 'n “foothold” vir sy werking. Wat is sy werking- Hy hou aan lieg, en hy steel – ons blydschap, ons vrede, by ons huwelik en verhoudings, somtyds ons gesondheid somtyds ons finansies, en uiteindelik vermoor hy. (Joh 8.44)

Die glo van 'n leun het altyd negatiewe gevolge, en dikwels meer verreikende gevolge as ons dink. Dit kan selfs ons ewige saligheid ontnem, in ruil vir 'n ewigheid weg van die Here in die hel.

Ek weet van 'n persoon wat haar hele lewe lank geglo het sy gaan hemel toe omdat sy 'n goeie en vrygewige mens was, omdat 'n predikant eendag vir haar gesê het: "*The most important rule in the Bible is this – Do unto others as you would have them do to you, be good and kind to all*" Essensieel het daardie predikant vir haar gesê jou goeie daed is genoeg om jou in die hemel te kry, 'n leun uit die put van die hel. Bes moontlik het beide die predikant en die dame wat hy mislei het hulle ewige saligheid prysgegee, alles op grond van hierdie leuen wat hulle geglo het.

Ons moet onder geen illusie verkeer nie – die leuen het mag om vas te hou, te steel, te vernietig, en uiteindelik, mense in die ewige hel te laat beland.

Hoewel ons reeds oor leuens, en die effek daarvan gesels het, glo ek die Here wil nog een of 2 leuens "highlight" wat algemeen geglo word, en Christene se lewens verwoes.

Onthou die waarheid maak vry – Joh. 8.32. Maar, logies, as die waarheid vrymaak, dan bind die leuen vas. Die leun plaas ons in 'n tronk – totdat ons die waarheid sien, en die waarheid ons kom verlos van die houvas van die leun.

Leun nr. 1 – Ek is nie goed genoeg nie. (verwerping)

Ek glo daar is duisende mense, vasgevang deur hierdie leun, wat nie vry is om die Here te dien nie, en by wie hierdie leun daagliks steel – hulle geluk, hulle verhoudings, hulle emosionele gesondheid, en dikwels ook hulle fisiese gesondheid.

Hoeveel kinders is nie deur hulle ouers daagliks laat weet – ai my kind, eintlik is jy maar 'n mislukking, jy's nie goed genoeg vir my nie. Kyk hoe presteer jou broer/sussie en kyk hoe sukkel jy.

Ek het al langs sportvelde gestaan, en in my binneste geween oor ouers wat hard, duidelik en totaal ongevoelig kritiek uitdeel teenoor kinders wat hulle heel beste doen in atletiek, krieket, rugby, wat ook al.

Is jy nie dalk verbaal en nie-verbaal, daagliks deur 'n ouer laat weet eintlik is jy 'n teleurstelling. Hoeveel mense het nie al hierdie selfde boodskap ontvang ten tye van 'n egskeiding of mislukte verhouding – jy was nie eintlik goed genoeg vir my nie.....

Wat gebeur as ek hierdie leun glo en aanvaar:

1. Ek begin twyfel of ek goed genoeg is vir die Here. Kan die Here waarlik so iemand soos ek liefhê? Selfs al kan Hy my liefhê, Hy kan my tog nie gebruik in sy koninkryk nie – daar is baie ander wat hy eerder kan gebruik.
2. Ek begin om my self te probeer bewys. Onbewustelik, of selfs bewustelik, sê ek vir myself: Ek sal vir jou wys, ek is goed genoeg. Ons begin fanaties studeer, of fanaties oefen, of fanaties werk (die corporate leer te klim) in 'n poging om te wys – maar ek is goed genoeg. Hoeveel mense werk en studeer hulle nou nog half dood – in 'n poging om hulleself te bewys teenoor 'n ouer wat al jare lank al dood is?
3. Ek kan nooit ontspan en tot rus kom, in die wete ek is geliefd en aanvaar en goed genoeg, "just as I am". Ek is altyd aan die beweeg, altyd aan die werk, altyd aan die probeer. Die duiwel het die vrug van die gees – blydschap en vrede, kom steel!
4. Miskien die ergste – ek gebruik hierdie selfde standaard op my eie kinders of eggenoot – ek verwag nog meer van jou, om my tevrede te stel sal jy beter moet doen.

Hoe kom ek vry van hierdie leun.

1. Aanvaar die woord as waar – Jy is goed genoeg vir die Here - net soos jy is. (*Romeine 5,8 – maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was*) Toe ek niks met die Here te doen wou gehad het nie, toe al, was ek goed genoeg vir Hom – toe al, het Hy Sy seun gestuur om in my plek aan 'n kruis te sterf. Dis tog

logies – as ons goed genoeg was toe ons die Here gehaat het, en teen hom rebelleer het, hoeveel te meer sal ons nou goed genoeg wees, noudat ons Hom liefhet, noudat ons Sy kinders genoem kan word. Ek gesê weer – verwerp die leun, eens en vir altyd, dat jy nie goed genoeg is vir die Here nie, en vervang dit met die waarheid: Hy het my oneindig lief – net soos ek is. (Jer. 31.3)

2. Vergewe die persoon(e) wat jou laat voel het jy's nie goed genoeg nie, wat jou verwerp het. Vergewe jou ma, vergewe jou pa, vergewe jou vrou of eks vrou, vergewe jou man of eks man, vergewe jou meisie of eks meisie, vergewe jou kêrel of eks kêrel. Ja dit maak seer, ja die moeilik, maar dis wat die Here van ons vra – en met goeie rede. Die oomblik wat ons vergewe kom ons vry. Op daardie oomblik word die kettings van verwerping gebreek, die Heilige Gees kry weer vry toegang tot my, en ek ervaar 'n vrede en blydskap wat ek nooit geken het nie.
3. Kom tot rus, hou op probeer jouself bewys. As ek goed genoeg is vir die Here, hoef ek nie myself teenoor enigiemand anders te bewys nie. Dis “ok” as ek nie elke wedren wen nie. Dis “ok” as ek nie 'n volmaakte liggaamlike figuur het nie, of 'n volmaak beeldskoon gesig het nie – dis hoe die Here my geskep het, dis goed genoeg vir Hom, en dis goed genoeg vir my. Natuurlik sal ek nog my bes probeer, natuurlik sal ek nog my werk doen na die bes van my vermoë – maar dis nou anders, ek doen dit vir die Here, vir sy eer. Ek doen dit nie om my self ten alle koste te bewys teenoor iemand anders nie. Ek doen dit met 'n innerlike blydskap en vrede, **en niks jaag my nie.**

Indien enige van bg. met jou resoneer, bid asb. hierdie gebed saam.

Here. Dankie dat ek vandag kan weet U aanvaar my net soos ek is. Dankie dat ek weet ek is goed genoeg, dat U U eie seun aan 'n kruis, in my plek laat sterf het. Ek aanvaar hierdie feite nou in geloof as waar, en van toepassing op my, ja selfs op my. Ek vergewe ook vir (noem persoon/e) dat hulle vir my verwerp het, en laat voel het ek is nie goed genoeg nie, ek sê hulle vry in Jesus naam. En nou onderneem ek, Here, met U hulp en krag, om te lewe as vry van enige verwerping, en vry van enige dwang om enige mens te beïndruk. Ek onderneem om te lewe vir U, en vir U eer alleen.

Amen.

Leun nr. 2: Omdat ek aanhou val vir 'n sekere sonde, het die Here moed opgegee met my.

Ons was al almal daar. Ek verloor weer my humeur. Ek bely, staan op en onderneem dat die nooit weer sal gebeur – tot more, en dan gebeur dit weer. Ek dink onrein gedagtes, of kyk na onrein beelde – bely, aanvaar God se vergifnis, staan op, onderneem om nooit weer te oortree – tot more toe. En so word ons lewe 'n kringloop van val, bely, regmaak, opstaan, weer probeer, weer val, weer bely, weer probeer, weer val, ens. ens.

En op 'n dag glo ek die leun – “Die Here is nou moeg vir hierdie probeerslae. Ek het nou een maal te veel gesondig. Al vergewe Hy my, hy kan my nie gebruik nie, die Here het geen verdere nut vir so 'n mens nie.”

En wat is die gevolg van die glo van hierdie leun – ek hou op met probeer. In 'n sin gee ek myself oor aan die sonde wat my baasgeraak het. Meer as dit, ek hou op probeer om die Here te dien, die Here te gehoorsaam, die Here te eer. Ek vermy die Woord en my gebede is “few and far between”. Die uiteindelijke gevolg – ek verloor my blydskap in die Here, ek verloor my vrede in die Here – ek word 'n “miserable”, ongelukkige, gefrustreerde mens!

Hoe kom ek vry van hierdie leuens geglo, hoe ontsnap ek hierdie bouse kringloop van val en opstaan?

1. Die waarheid maak vry. Watter waarhede?

- a. 1 Joh. 1:9 – As ons ons sondes bely, Hy (die Here) is getrou en regverdig om ons te vergewe en te reinig van alle ongeregtigheid
- b. Rom. 8:1 “Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie.
- c. Matt 12.31 – Elke sonde en lastering sal die mens vergewe word.
- d. Hebr. 9:14 – Hoeveel te meer sal die bloed van Christus julle gewetens reinig....

Die waarheid van die skrif – al het jy vir die duisendste keer dieselfde sonde oortree – as jy dit opreg bely, en pleit om vergifnis SAL die Here jou vergewe, maar meer as dit – jou reinig van alle ongeregtigheid. Die Here sal jou was so wit soos sneeu (Jes. 1:18) en heel belangrikste – jou gewete reinig, jou las van skuldgevoelens kom lig. (Hebr. 9:14)

Stap 1 dus – Ek verwerp die leun dat die Here klaar is met my – Hy SAL my vergewe en reinig, anders is die Bybel nie waar nie, en maak ons God tot ’n leuenaar. Ek val op my knieë, ek vra die Here om my asseblief, vir die soveelste keer, te vergewe, en ek aanvaar dan in die geloof dat die Here dit op daardie oomblik gedoen het. Ek het niks meer om oor skuldig te voel nie, ek is gewas en gereinig deur die bloed van die lam!

2. Maar ek moet ’n tweede waarheid raaksien en verstaan – ek het reeds gesterf vir daardie sonde

Ja selfs daardie sonde wat my in sy greep het. Romeine 6:6 – *“Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kan word”* Christus het as my verteenwoordiger aan die kruis gesterf, en weer opgestaan. Daarom, het ek ook, “in Christus” gesterf, en toe weer saam met hom opgestaan. Die ou, sondige mens wat ek WAS – het gesterf, eens en vir altyd saam met Christus, en daar het ’n nuwe mens, ook saam met Christus opgestaan. Daarom kan Paulus sê in 2 Kor. 5: 17 *“Iemand wat aan Christus behoort is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.”*

Glo jy dit my kosbare vriend. Die dag van jou weergeboorte het die ou sondige jy gesterf, en ’n nuwe, weergebore jy het opgestaan, saam met Christus.

Die vraag ontstaan onmiddellik – maar waarom bly ek val in sonde? Die antwoord – hierdie waarheid moet verstaan, geglo en dan in geloof toegeëien word! Rom. 6:11 – So meet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is. (reken jouself to be dead indeed to sin” Verstaan dit, glo dit, aanvaar dit, en leef uit daardie waarheid – Ek het reeds saam met Christus gesterf vir daardie sonde, selfs daardie sonde wat my vasgehou het tot nou toe.

3. Die laaste stap om vry te om – laat die Gees toe om die sonde in jou te vernietig.

Romeine 8:13 *“maar as julle **deur die Gees** die werke van die liggaam (sonde) doodmaak, sal julle lewe. Engels – if you **by the Spirit** put to death the deeds of the flesh, you will live.*

Dis nie ek wat die sonde in my doodmaak nie – dis die Heilige Gees, wat in my woon, se werk. Wat is die praktiese implikasie hiervan – Eenvoudig: Hou op probeer om op jou eie, en deur eie krag alleen die sonde te weerstaan en uit te roei – los daardie werk vir die Gees van God.

My taak dus – Ek “vergeet” van die sonde – en stel myself dag vir dag, toenemend, aan die werk van die Heilige Gees oor. As die versoeking kom – reken ek myself reeds as dood vir die sonde, en vra die Here, om deur sy Heilige Gees, vir my te beskerm en vry te maak van hierdie werk van die vlees.

Vir die pad vorentoe - hoe meer tyd ek in Bybel lees ens. studie, gebed, aanbidding, en “fellowship” met ander gelowiges spandeer, hoe meer sal die Heilige Gees, amper sonder my wete, die werke van die vlees in my doodmaak.

Hoe kom ek vry van hierdie leun dat die Here moet opgegee het met my?

1. Ek glo die woord Hy's lankal nie moeg vir my nie, en wag met ope arms om te vergewe en reinig.
2. Ek verstaan en glo dat ek reeds, prinsipieel vir sonde gesterf het, en reeds opgestaan het as 'n nuwe mens. Ek glo en aanvaar die as 'n feit, al sien ek nog nie die resultaat daarvan in praktyk nie.
3. Ek reken myself as dood vir die sonde, op grond van God se Woord, en lewe dag vir dag uit hierdie waarheid
4. Ek gee die Heilige Gees toenemend "geleentheid" om die werke van die vlees in my dood te maak:
 - a. Ek spandeer meer tyd in gebed
 - b. Ek spandeer meer tyd in die Woord
 - c. Ek spandeer meer tyd in aanbidding en fellowship met andere.

Vir bespreking.

Dalk kan julle aan ander leuens dink wat Christene vashou. Bespreek daardie leuens, asook die "waarheid wat vry maak" onder mekaar.

Vir gebed.

Hoeveel mense ken julle, wat steeds die leun glo dat daar 'n ander pad na die Here is, buiten die verlossing wat Christus aan die kruis bewerk het nie? Bid ernstig saam dat die waarheid wat vrymaak, hierdie leuen in mense se lewens sal vervang - bid vir mense op die naam as die Gees so lei.

Bid asb. ook vir die naweek se eredienste – dat die "waarheid wat vrymaak" in die krag van die Heilige Gees gepreek sal word, sodat mense uit die tronk van die leun sal kan vrygemaak word.

Tot volgende keer,

Seën

MP G gebed span.

Seën

MPG gebed span.